Direkteur Begeleiding

NG Kerk in Oos-Kaapland

Ds Danie Mouton

Tel 041 365-3159 (k) - Sel 082 9234 178 - danie@ngkok.co.za - Faks: 0865 860 623
Posbus 34842, Newtonpark, 6055

---

22 Februarie 2010

Vir aandag: Leraars en belangstellendes lidmate,

Voortgesette Bedieningsontwikkeling

THE REFORMED PASTOR AS THEOLOGIAN : PROF JOHN DE GRUCHY
23-25 MAART 2010
EN BYKOMENDE WERKSWINKELS

Geagte kollegas,

Ons is bevoorreg om prof John W De Gruchy, waarskynlik die Suid-Afrikaanse Gereformeerde teoloog wat wêreldwyd die meeste blootstelling en erkenning geniet, eersdaags in die Oos-Kaap te hê.

Prof De Gruchy bring 'n unieke Suid-Afrikaanse perspektief op Gereformeerdheid na die tafel. Hy kom nie uit die hoofstroom NG tradisie nie. Dit beteken dat hy baie verruimende perspektiewe het om te deel. Kyk maar net na die program hieronder. De Gruchy is 'n gerespekteerde kenner van Calvyn, Barth en Bonhoeffer.

Dit is min dat ons 'n geleentheid kry om vir drie dae gementor te word deur iemand van sy statuur. Verlede jaar het ons prof Dirkie Smit by ons gehad, en as ek luister na die impak wat dit op predikante gemaak het, kan ons hoë verwagtinge van prof De Gruchy se besoek hê.

Ek het onlangs sy jongste boek, oor Calvyn, gelees en besef dat ons baie te leer het rondom bv die nagmaal. Gemeentes sal heeltemal anders lyk as ons Calvyn se benadering tot die nagmaal deel van ons bedieningspraktyk maak (dag 2). Ons word ook uitgedaag rondom skoonheid (estetika) in ons Godsbegrip en die gemeentelike bediening (dag 3). Verder moet ons vra wat die praktiese implikasies van Calvyn se erfenis ('n samelewing, die stad, en die boek, die Institusie) vir ons samelewing vandag is (dag 1).

Bykomend tot prof de Gruchy se voordrag, word daar ook ander middagsessies aangebied. Oorsigtelik lyk dié VBO-geleentheid as volg:

	23 Maart	**24 Maart**	**25 Maart**
Oggend (tot 13:00)	Prof De Gruchy	Prof De Gruchy	Prof De Gruchy
Middag (vanaf)14:00	Keuse: • Liturgiese werkgroep • Blogging	Keuse: • Liturgiese werkgroep • Blogging	Mentor van lidmate met die oog op prediking (14:00 – 15:30)

Lees nou met die oog op volledige detail die volgende:

1. OGGENDSESSIES: THE REFORMED PASTOR AS THEOLOGIAN

DAY 1: WORD AND SPIRIT (23 Maart)

1. Calvin: The "Institutes" and the City
2. The Gospel in context

DAY 2: WORD AND SACRAMENT (24 Maart)

3. Calvin and Barth: "The Holy Banquet"
4. Eucharist, Formation and Mission

DAY 3: WORD AND ICON (25 Maart)

5. Barth and Balthasar: The Beauty of God
6. Art in the life of the Church

2. MIDDAGSESSIES : 'n KEUSE UIT TWEE WERKSWINKELS (<u>23 en 24 Maart</u>)

In die middae vind daar twee werkswinkels plaas, waarvan jy een moet kies:

- Erediensvoorbereiding deur middel van 'n gemeentelike werksgroep – dr Jannie Richter
- Blogging as lewenskuns – dr Chris van Wyk

Liturgiese werkgroep (23 en 24 Maart, 14:00 – 17:00):
Jannie Richter het 'n aantal jare gelede 'n handleiding geskryf vir liturgie- en preekwerkgroepe wat rondom 'n tafel saam met die liturg/prediker werk aan die voorbereiding van 'n erediens. Hy kom oor die twee middae (23 en 24 Maart) hieroor 'n werkswinkel aanbied. Gemeentes wat hierdie benadering implementeer, getuig van groot seën.

Blogging (23 en 24 Maart, 14:00 – 17:00):
Chris van Wyk is 'n kenner op die gebied van blogging en kom 'n kursus oor die beginsels en praktyk daarvan aanbied.

3. MIDDAGSESSIE : MENTORSKAP VAN LIDMATE : PREDIKING (<u>25 Maart</u>)

In hele aantal lidmate is reeds opgelei om as predikers op te tree. Dit is baie belangrik dat hierdie persone deur 'n leraar uit die ring gementor word. Die Netwerk vir Bedieningstoerusting bied op 25 Maart van 14:00 tot 15:30 'n sessie vir leraars aan rondom die mentor van lidmate. Ek vertrou daar sal uit elke ring leraars hierby inskakel, omdat dit 'n kritieke deel van die bedieningsbemagtiging van lidmate is.

4. PRAKTIESE BESONDERHEDE

Plek:	NG Kerk Newtonpark, Mowbraystraat, Newtonpark, Port Elizabeth.
Aanbieder:	Prof John W De Gruchy, emeritus-professor, Universiteit van Kaapstad
Datum:	Dinsdag, 23 Maart tot Donderdag, 25 Maart, om 14:00
Kursusfooi:	**<u>R390</u>** per persoon, wat middagetes insluit.
Etes:	Middagetes word by die kerksaal genuttig, en is deel van die kursusfooi - sien die program.
Verblyf:	Reël asb jou eie verblyf. 'n Lys gastehuise is beskikbaar.

Reiskoste: Die reiskoste is ‘n reëling tussen jouself en jou kerkraad. Sommige ringe het aansoek gedoen vir ringsprojekfondse om leraars te subsidieer - kontak jou ringskriba in hierdie verband.

VBO-Punte: Bywoning van die hele werkswinkel verdien 20 punte (Prof de Gruchy = 15, middagwerkswinkels = 5). Persone wat ‘n verslag aan jou kerkraad van 600-1000 woorde indien vir plasing op ons webblad oor die wyse waarop jy hierdie kursusinhoud integreer in jou bediening, verdien ‘n bykomende 10 VBO-punte.

Bring saam: Jou leerbare self, notaboek en pen.

5. PROGRAM

23 Maart

09:00 – 09:30 Opening en verwelkoming
09:30 – 11:00 Prof de Gruchy - Sessie 1
11:00 - 11:30 Koffie / Tee
11:30 – 13:00 Prof de Gruchy - Sessie 2
13:00 – 14:00 Middagete
14:00 – 15:30 Werkswinkels - Sessie 1
15:30 – 16:00 Koffie / Tee
16:00 – 17:00 Werkswinkels – Sessie 2

24 Maart

08:30 – 09:00 Dagwyding
09:00 – 11:00 Prof de Gruchy - Sessie 3
11:00 - 11:30 Koffie / Tee
11:30 – 13:00 Prof de Gruchy – Sessie 4
13:00 – 14:00 Middagete
14:00 – 15:30 Werkswinkels - Sessie 3
15:30 – 16:00 Koffie / Tee
16:00 – 17:00 Werkswinkels – Sessie 4

25 Maart

08:30 – 09:00 Dagwyding
09:00 – 11:00 Prof de Gruchy - Sessie 5
11:00 - 11:30 Koffie / Tee
11:30 – 13:00 Prof de Gruchy – Sessie 6
13:00 – 14:00 Middagete
14:00 – 15:30 Werkwinkel - Prediking: Mentor van lidmate

6. REIS EN VERBLYF

VBO-reiskoste is vanaf vanjaar - soos besluit tydens Sinode 2007 - ‘n aangeleentheid tussen die kerkraad as werkgewer en die leraar. In hierdie geval mag ringe ook ‘n bydrae lewer, of die volle koste dra. Die aanbeveling van die sinode is dat die kerkraad die leraar vergoed vir sy/haar reiskoste.

‘n Aantal ringe het ringsprojekte geregistreer om behoeftige gemeentes rondom VBO by te staan, ooreenkomstig die wenk wat ons verlede jaar gegee het. Jy kan dus navraag by jou ringskriba doen, indien nodig.

Sien julle!

Danie Mouton
Direkteur Begeleiding

VBO : THE REFORMED PASTOR AS THEOLOGIAN

Inskrywingsvorm

Naam en Van: _____

Adres: _____

Tel en Sel: _____

E-pos en Faks: _____

Merk jou keuse vir die middagsessies:	Erediensvoorbereiding dmv 'n werkgroep (23, 24 Mrt)	Blogging (23,24 Mrt)	Mentor lidmate: Prediking (25 Mrt)

Betaling ingesluit: **R390.00**

_____

(Middagetes is ingesluit)

Inskrywings:

Rig inskrywings aan:

Die Direkteur Begeleiding
Posbus 34842
NEWTONPARK
6055
Faks: 041 365-3156
E-pos: db@ngkok.co.za

Direkte Bankinbetalings:

ABSA	Tjekrekening
Naam:	NG Kerk in Oos-Kaapland
Rekening nr:	290 581 192
Takkode:	500-517
Verwysing:	***VBO Gruchy + [Jou Van]***

Stuur u inbetalingstrokie asb saam met u inskrywing, en **onthou asb die verwysing**